

## 30 *Woensdag*

**SKRIFGEDEELTE: JESAJA 61:1 – 63:6 (OAV)**

**FOKUSGEDEELTE: JESAJA 61:1-3; 62:1; 63:1-3**

### Die koms van die Messias en die Vader

**O**or ons erfgedeelte sê Jesus in die sinagoge van Nasaret: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul” (Luk. 4). Dit is die gedeelte wat die werk van die drie-enige God verkondig: “Die Gees van die Here Here is op My, omdat die Here My gesalf het ...”

Die Messias (Christus) se opdrag is allereers om 'n blye boodskap (die evangelie) te bring ... verder om die gebrokenes van hart te verbind om vir die gevangenes vrylating uit te roep en vir die geboeides bevryding uit die gevangenis; om 'n jaar van die welbehae van die Here uit te roep en om al die treurendes te troos.

Dan volg die inhoud van die evangelie: “... vir die treurendes in Sion, dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees”.

Evangelie is nie profesie of belofte vir die toekoms nie – dit kondig die heil aan wat nou reeds bestaan! Wat 'n troos is dit nie, want moedelose mense vra na goeie nuus. Vir hulle kan ons sê: Die verlossing is daar en God kom: “Ter wille van Sion sal Ek nie swyg nie en ter wille van Jerusalem nie stil wees nie.”

Laat God jou vandag gebruik as vreugdeboodskapper. Gaan vertel vir al die moedeloses: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.”

*Sing: Psalm 33:5, 6*

*Ds. FJ du T (Francois) Lessing (Emeritus)*